STERRE SKITTER BY DIE GLANSRYKE PREMIèRE VAN PLATTELAND IN PRETORIA

Ongeveer 1400 mense het gistraand die deftige première van die nuwe Afrikaanse musiekrolprent Platteland by NuMetro se teaters in Menlyn Mall in Pretoria bygewoon. Bekendes uit alle kringe in Suid-Afrika was daar om die eerste kykie te kry van die fliek wat deur Philo Pieterse en Sean Else vervaardig is en van die grootste name in Afrikaanse musiek in die rolverdeling het.

Die sterre van die rolprent – Lianie May, Bok van Blerk, Jay, Karlien van Jaarsveld, Ivan Zimmermann, Vaughan Gardiner en Hanna Grobler – was almal op die swart tapyt. "Dit was 'n baie glansryke aand," het die vervaardiger Philo Pieterse ná die geleentheid gesê. "Die rolprent is baie goed deur die gehoor ontvang en te oordeel aan die reaksie van die Afrikaanse én Engelse mense, gaan Platteland beslis dié fliek wees om hierdie feesseisoen te sien."

Ander bekendes wat die première bygewoon het was Derick Hougaard, Marianne Fassler, Sonja Herholdt, Pierre Spies, Jannie Moolman, James en Anél Alexander, Deon Opperman, Jakkie Louw, Gigi van Schalkwyk, Cindy Swanepoel, Blackie Swart en selfs Prinses Maria van die Bakubung-familie.

Die rolprent vertel die verhaal van Riana van Niekerk (Lianie May) wat alles sal doen om haar familieplaas uit die hande van Mike Ferreira (Steve Hofmeyr) te hou. Hy het egter sy eie bose planne en is vasbeslote om haar grond te kry. Wanneer Dirk Pretorius (Bok van Blerk), 'n swerwer met sy eie geheime, daar opdaag, spat die vonke en blom liefde op die mees onwaarskynlikste plekke.

Platteland word deur Indigenous Film Distribution versprei en is van 25 November 2011 landwyd in teaters te sien.

Vir meer inligting kontak:

david alex wilson
Mad Moth Communications
Selfoon: 27 83 629 2587
e-pos: davidalex@madmoth.co.za

Vir meer inligting oor die vrystelling:

Corlize Luttig
Hoof: Bemarking
Indigenous Film Distribution
Tel: 27 11 719 4080
e-pos: Corlize@indigenousfilm.co.za